

Maandag 13 September

Skrifgedeelte: Titus 3:3-7	Fokusgedeelte: Titus 3:5
----------------------------	--------------------------

Uit genade is julle gered!

Titus 3:3-7 is 'n digterlike beskrywing van hoe God ons red. Paulus roep die kernboodskap van die gedeelte, maar ook van die ganse evangelie hier uit! "Hy het ons verlos! Hy het ons gered!" Laat daar geen onsekerheid wees nie, die Here is die bron van julle verlossing. Paulus kom leer die mense van Kreta hoe hulle verlossing werk.

Die Here God red ons op grond van sy genade en sy genade alleen. Hy leer dit ook aan die gemeente in Efese: "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God" (Ef. 2:8). God die Vader het sy Seun gestuur om uit genade te verlos.

As iemand Christus dan onder leiding van die Heilige Gees aanneem, ervaar hulle "wedergeboorte", wat 'n geestelike vernuwing beteken. 'n Geestelike vernuwing wat, "wanneer alles nuut gemaak word, as die Seun van die mens op sy koninklike troon sit" (Matt. 19:28), tot volle verwerkliking sal kom.

Paulus leer dan verder dat die Here God die Heilige Gees aan hulle gee. Die Heilige Gees wat lewend maak, geestelike vernuwing, deur geloof te bewerk. Weer beklemtoon Paulus dat verlossing nie verwerf word nie, maar alleen uit genade gebeur. Deur wedergeboorte en die afwassing van sondes deur die Heilige Gees ontvang hulle die nuwe lewe.

Die Heilige Gees werk daagliks in ons. Wedergeboorte, geestelike vernuwing, vind elke dag plaas. Jy en ek ontvang elke dag nuwe lewe op grond van God se ewige genade. Kom ons leef in hierdie sekerheid: "So is ons dan deur sy genade vrygespreek en het ons erfgename geword van die ewige lewe wat ons verwag" (Tit. 3:7). Gaan uit, verkondig en getuig, van sy genade aan jou.

Sing: Psalm 32-1:1, 4

Ds. HJ Coetzee (Herman) (Amanzimtoti)